## 17 September - REG/REGSPRAAK

**Skrif- en Fokusgedeelte: Lukas 18:1-8**

Hoe word die kwesbares in hierdie wêreld nie uitgebuit nie! Veral wat die kwesbaarheid van weduwees en weeskinders betref, sê die Here baie keer dat Hy besonderlik na hulle sal omsien.

In hierdie gelykenis bekla 'n weduwee haar lot by 'n ongelowige regter, en vra onophoudelik dat daar aan haar reg gedoen moet word. Sy word uitgebuit en is nie in staat om haarself te beskerm nie. Wanneer die Here in 1 Petrus 3:7 na die vrou as die swakker geslag verwys, beteken dit hoegenaamd nie dat sy slegter is as haar man nie. Sy is baie meer kwesbaar as 'n man. Daarom moet haar man haar ook altyd beskerm. 'n Weduwee, en haar kinders, het nie meer hierdie beskerming nie. Sy is kwesbaar, en kan so maklik uitgebuit word. Trouens, ons lees in Jakobus 1:27 dat rein/egte en onbesmette/suiwer godsdiens onder andere daarin bestaan dat weduwees en weeskinders in hulle kwesbaarheid gehelp en bygestaan moet word.

Om aan iemand reg te doen, beteken dat daar geen uitbuiting sal wees nie, dat ongelykhede reggestel sal word. Mens gaan gou te gronde wanneer jy altyd aan die verloorkant is, en jy buit iemand anders uit wanneer jy altyd aan die wenkant is. Die sondige aard van die mens laat min van ons egter toe om altyd hieroor reg te dink, daarom was daar al noodsaak vir regspraak van die begin van die mensdom af – kyk maar net na die geskiedenis van Kain en Abel, en die optrede van die Here hierin.

Omdat ons as gelowiges geroep word om altyd goed te doen aan ander, die ander wang ook te draai, 'n tweede kilometer saam te stap, om ons vyande vuurrooi van skaamte te maak deur nie kwaad met kwaad te vergeld nie, kortom: om selfs ons vyande lief te hê, en aan ander te doen soos ons aan onsself gedoen wil hê, daarom trek gelowiges dikwels aan die kortste end.

Die wraak kom God egter toe, nie ons nie. Wat moet en kan ons dan doen wanneer ons onreg ly? Ons bid. Ons bekla ons saak by die Here. Onophoudelik! Wanneer, in ons samelewing, 'n menselewe niks meer werd is nie, korrupsie hoogty vier en ons daaronder ly, baadjies vir boeties ons magteloos laat, bid dan tot Hom wat reg sal laat geskied! *"Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?"* (vs 7).

Bid jy nog vir ons aardse regters, en dat God hulle ook in hulle regspraak sal lei?

Bid jy ook gereeld vir die koms van die hemelse Regter, ons Here Jesus Christus, waar Hy aan die kom is om die lewendes en die dooies te oordeel?

*Sing: Psalm 75:2, 4 (1936-beryming)* *Ds LSD du Plessis (Groblersdal)*